# BOEKBESPREKINGS

Smart, Vivian & R D Hecht (Reds), *Sacred Texts of the World - a universal anthology*. 1982. Braamfontein: MacMillan S A
Prys: R32,95

In hierdie boek word 'n seleksie aangebied van uittreksels uit die heilige geskrifte en tradisies van 'n aantal godsdienste en sekulêre geloofsisteme. Dit is beperk tot godsdienste of geloofsisteme wat die toets van die tyd deurstaan het of die ontwikkeling van ander beïnvloed het. So sluit dit byvoorbeeld seleksies in uit die Judaïsme, die Christelike geloof, Mohammedanisme (Islam), Hindoeisme, Boeddhisme, Taoisme en ook van sekere sekulêre wêreldbeskouings soos die nuwe materialisme en moderne religieuse bewegings.

Met die keuring van uittreksels is gepoog om dele te selekteer wat die kerngedagtes van die geloofsisteem sal tuisbring. Hier=die seleksies word onder die volgende hoofde aangebied: "Sacred Narrative, Doctrine, Ritual, Institutional Expression, Experience and Ethics". Elke aanbieding van 'n geloofsisteem word vooraf=gegaan deur 'n inleiding waarin agtergrondgegewens oor die sisteem verskaf word en onder elke onderafdeling word kortliks kommentaar gelewer. Dit kom dus in hoofsaak daarop neer dat elke sisteem toegelaat word om self die boodskap oor te dra. Elke leser kan dus sy eie gevolgtrekking maak.

Met hierdie benadering slaag die redakteurs - professore in Religieuse Studies, verbonde aan die Universiteit van Kalifornië (Santa Barbara)- daarin om die leser op 'n bondige wyse te laat kennis maak met 'n verskeidenheid van sisteme en die belangrikste elemente daarvan.

Dit is 'n baie handige en leersame boek vir elkeen wat belangstel in die soeke van die mens na antwoorde op sekere synsvrae en geloofsisteme van ander volke of nasies. Indien die boek verdere belangstelling prikkel, is daar 'n bronnelys na elke hoofstuk en ook aan die einde van die boek. Dit bevat ook 'n goeie tematiese indeks.

Die boek behoort ook nuttig te wees vir studente wat 'n kursus volg in religieuse studies.

A J Heyns
Hoofdirekteur Tuinbou
Dept Landbou
Pretoria

Du Toit, D A (red), *Menseregte*. (Met bydraes van: D E de Villiers, M A Rabie, M M Loubser, W A Jonker, W Pfeifenberger, S J Terreblanche, W P Esterhuyse, O S Bosman) by Tafelberg, 1984. Prys R11,50 eksklusief.

Oor die afgelope paar maande het daar by Tafelberg Uitgewers drie boeke verskyn wat getipeer kan word as toegepaste teologiese werke. Dit is publikasies waarin sosio-ekonomiese vrae wat tans in Suid-Afrika van uitstaande aktuele belang is, vanuit gods=dienstige perspektief benader word. Kenmerkend van dié publi=kasies is egter dat dit interdissiplinêr van opset is. Dit bring mee dat, alhoewel die perspektief essensieel teologies is, mede=werking van vakgenote in nie-teologiese gebiede ook verkry is. Die eindresultaat van so 'n benadering is natuurlik dat die probleme wyer, en dit wil sê meer afgerond, behandel word. Die voordele is voor die hand liggend.

Die jongste van dié publikasies handel oor die doringrige onder=werp van menseregte. Dit is 'n onderwerp wat in Suid-Afrika in Afrikaanse kerklike kringe tot dusver stief behandel is, indien nie totaal negatief nie. Daarvoor is daar 'n hele paar redes waarvan die volgende twee m i die belangrikste is. Eerstens is die kwessie van menseregte 'n betreklik abstrakte saak. As 'n gesprek oor menseregte nie in vlakheid wil afloop nie, is 'n goeie dosis nadenke oor die méns - sy wese, bestemming en die sin van sy bestaan - asook 'n fyn insig in al die nuanses van die begrip "reg" nodig. Tweedens, is die algemene geesteklimaat van die Suid-Afrikaanse openbare lewe nié maklik vatbaar vir 'n debat óór (laat staan nog 'n erkenning ván) *mense*-regte nie. Vir ten minste twee geslagte al - en dit geld táns nog, ten spyte van die klaarblyklike konstitusionele en ander aanpassings van die afgelope paar jaar - is die Suid-Afrikaanse samelewing in die greep van 'n kollektiwistiese denkklimaat waarin *groeps*belange die uitgangspunt is. Onder sulke omstandighede kon dit nie anders nie as dat die (oorwegend Europees-georiënteerde) konsep van (individuele) ménseregte afgewys sou word nie.

Die belangrikheid van die verskyning van 'n boekie oor menseregte en dan boonop 'n boekie wat dit *positief* beoordeel, moet teen bg agtergrond gesien word. Voeg daarby dat dit in *Afrikaans* geskryf is deur en vir 'n Afrikaanse leespubliek, dan is die verskyning van dié boekie des te meer merkwaardig. Maar die mees betekenis=volle aspek van die boek is die feit dat dit primêr 'n teologies gestempelde werk is. Vir die eerste keer neem prominente teoloë *binne* die NGK die tema van menseregte op 'n positiewe wyse op. Vergelyk 'n mens dít met die summiere wyse waarop die Transvaalse

sinode van die NGK menseregte in die vyftigerjare afgewys het, is dit duidelik hoeseer daar in die tussentyd tog wel 'n proses van herbesinning plaasgevind het. Natuurlik het 'n mens nie hier met 'n kerklike dokument te make nie, maar 'n mens kan verwag dat publikasies soos dië mettertyd ook 'n invloed in kerklike kringe sal uitoefen.

Die boekie self kan nie as iets anders as slegs 'n inleiding in die problematiek beskou word nie. Dit kom nie oor as 'n werk wat alle vrae oor menseregte wil beantwoord nie. Dit wil primêr inlig en die weg open vir ewewigtige bespreking van die kwessie van menseregte. Dit behandel daarom 'n wye reeks van temas op 'n bondige manier. Die geskiedenis van menseregte, menseregte en die Suid-Afrikaanse Reg, Christelike geloof en menseregte, Teologie, kerk en menseregte, menseregte en internasionale politiek, menseregte in die Noord-Suid-konfrontasie en die politieke funksie van menseregte, is die temas wat agtereenvol= gens ter sprake kom. Die boek word afgesluit met 'n praktiese voorbeeld van hoe 'n begrip vir mense se regte die hantering en kwaliteit van plaasarbeiders se lewens kan verbeter, asook met 'n slotwoord waarin 'n teoretiese rigtingaanduiding - gegrond op die voorafgaande hoofstukke - aangebied word.

As 'n mens die strekking van die boek in een sin moet saamvat, dan word dit ten beste uitgedruk in die opmerking op bladsy 120: Die kerk sal moet aantoon "... dat dit in die kwessie van mense= regte om niks anders gaan nie as die *liefdesgebod*". Die kerk kan nie maar nét mense hulle regte *gun* nie, maar moet ook mense *liefhê*. En "... dit beteken 'n persoonlike betrokkenheid by en 'n persoonlike inset vir andere ... uit liefde vir die mens in al sy moontlikhede".

Waar dit al meer duidelik word dat Bybelkunde nie maar net die Bybel as 'n soort *bruta facta* kan bestudeer, asof dit moontlik is om die studie van die Bybel in vakuum te bedryf nie, is die verskyning van 'n boek soos die onderhawige vir Bybelkunde van groot belang. Veral die hoofstuk oor die Christelike geloof en menseregte behoort vanuit Bybelkundige oord aandag te ontvang. As die Bybel 'n boek van betekenis is en daarop gemik is om sin, ook in die huidige tydsgewrig, aan te dui, sal Bybelkunde nie kan ontsnap aan die eis om sý bydrae te lewer in die soeke na Bybels verantwoordbare perspektiewe op die sin van ons same= lewingsordeninge nie. En dit sluit 'n besinning oor mense= regte in.

J Kinghorn
Universiteit van Stellenbosch

De Villiers, E & J Kinghorn (Reds), *Op die skaal: gemengde huwelike en ontug.*
1984, Kaapstad: Tafelberg
Prys R10,50

Toe ek die eerste maal van die boek van De Villiers en Kinghorn kennis geneem het, was my eerste reaksie dat 'n boek oor dié onderwerp bloot die tipiese luukse van 'n bevoorregte, blanke gemeenskap in Suid-Afrika kon wees. Die wet op gemengde huwelike en artikel 16 van die ontugweg word weliswaar as kwetsend deur die grootste (swart) deel van die Suid-Afrikaanse bevolking ervaar, en as 'n belangrike (negatiewe) simbool van die apart= heidstruktuur voorgehou. M.i. lê die wette egter so op die rand van die algemene swart ervaring dat die problematiek daaromtrent as slegs 'n klein, ondergeskikte element van die omvattende apartheidsproblematiek gesien word - die wese waarvan deur die afskaffing van hierdie twee wette min aan verander word. Dit was aanvanklik vir my die vraag na die relevansie van die boek as sodanig binne die Suid-Afrikaanse konteks.

Bogenoemde bedenking is verskerp deur die feit van die bestaan van sogenaamde "mode-uitsprake", veral rakende kleur- en poli= tieke kwessies. Om in 'n bepaalde tydvak deel te hê aan die "sake van die dag", moet 'n mens die regte klanke kan maak. Nou, reeds kort na sy bewindsaanvaarding as S A Premier, het mnr P W Botha geluide in verband met dié twee wette laat hoor wat sommige laat wonder het of dit nie dalk *kritiese* geluide is nie. So= doende het die onderwerp "veilig" geraak vir 'n kritiese kyk daarna. "Hervorming" en "nuwe bedeling" is die gespreksonder= werpe van die dag. Gevolglik sou vir sommige 'n boek oor die twee wette net maar deel wees van die georkestreerde aanslag van hervormingspropaganda - net nog 'n "mode-uitspraak". Natuurlik sou sô 'n standpunt vanuit twee teenoorgestelde gesigs= hoeke gehandhaaf kon word: eerstens, polities konserwatiewe (gewoonlik wit) Suid-Afrikaners, wat sou reken dat die boek van De Villiers en Kinghorn met sy duidelike afwysende stellingname ten opsigte van die betrokke wette, deel is van die "sagmaak-proses" waarin ou gevestigde beginsels en (Afrikaner-) belange gaandeweg afgetakel word; tweedens, polities radikale (gewoonlik swart) Suid-Afrikaners wat kon reken dat die boek maar deel is van die "window dressing" van "hervorming", wat ten diepste niks anders is as 'n poging om die apartheidstruktuur te perpetueer nie.

Tog is die boek, in elk geval dan vanuit 'n bepaalde hoek benader (dié van blanke Afrikanermagspolitiek en -moraliteit) uiters aktueel. 'n Mens sou kon sê 'n tydige boek oor 'n saak wat eintlik lankal die tyd verpas het, 'n tydige boek oor 'n

ontydige saak dus. Die boek verskyn kort voor die Badenhorst-kommissie van die Nasionale Regering sy eerste verslag oor die twee wette ter tafel lê en vra vir 'n uitbreiding van sy gesag (om na alle waarskynlikheid die skrapping van beide wette aan te beveel). Die nuwe drie-kamer-parlement sal seker vroeg in sy bestaan met die saak van die twee wette moet handel. Pas het 'n RGN-ondersoek na publieke houdings ten opsigte van dié wette sy bevindinge bekend gemaak. As 'n mens daarin lees dat byna 80% van Afrikaanssprekendes ten gunste van die behoud van die twee wette is (selfs as ruimte gelaat word vir 'n inflasionistiese getal), word die uiterse aktualiteit en relevansie van De Villiers en Kinghorn se boek des te meer onderstreep - juis dat dit in Afrikaans geskryf is deur bydraers uit Afrikaner-instellings soos die Universiteit van Stellenbosch, die Hugenote Kollege, *Die Burger* en die NG Kerk.

Die boek heet: *Op die skaal: gemengde huwelike en ontug.* En inderdaad - uit die tien hoofstukke waaruit die boek bestaan, word die Wet op die Verbod van Gemengde Huwelike van 1949 en die Ontugwet van 1957 (Artikel 16) geweeg en weer geweeg, hetsy vanuit 'n regsoogpunt, maatskaplik, polities, medies-geneties en kerklik-teologies; elke keer weer is die resultaat: te lig bevind! Die redakteurs moet gelukgewens word met die deur=lopende eenheid in argumentasie, selfs ten opsigte van statis=tiese feitemateriaal, ten spyte daarvan dat, afgesien van die twee samestellers, daar agt ander medewerkers was. Dit is 'n aspek wat dikwels in die slag bly in bundels wat uit verskeie bydraes bestaan. In die Voorwoord maak De Villiers en Kinghorn daarop aanspraak om, die eerste maal sedert 1939, 'n omvattende blik op die volle omvang van die problematiek rakende gemengde huwelike en seksuele kontak oor die kleurgrens te bied. Sodoende hoop hulle om op 'n objektiewe wyse "'n dosis nugterheid" in 'n andersins emosioneel gelaaide gesprek te bring. Daarin slaag hulle, sonder om so "objektief" te wees dat hulle nie uiteindelik self ook baie duidelik standpunt inneem nie. Wie ná die lees van hierdie werk nie self onder die indruk van die onhoudbaar=heid van die genoemde wette is nie, sal eenvoudig deur geen logika en redelikheid tot groter nugterheid gebring kan word nie.

Daar word afgeskop deur W L von R Scholtz van *Die Burger* met 'n besonder boeiende bespreking oor die rol van politieke opvattinge en sosiaal-ekonomiese faktore in die ontstaan van die wette. Met baie argivale getuienis word drie motiewe wat lei tot die tot=standkoming van die wette uitgelig, nl 'n "'nuwe' nasionalisme", sosiaal-ekonomiese omstandighede en die vrees vir bloedvermenging. Onder die tweede motief word gewys op die ontstaan van die arm=blanke-situasie en die gevolglike haglike lewensomstandighede

van tot 'n kwart van die Afrikanerdom. Die moeras van armoede waarin Wit, Bruin en Swart hulle lewens moes deel, en die gevolglike onvermoë om hoë sedelike norme te handhaaf, het gelei tot die gegronde vrees dat die Afrikaner as volk kon verdwyn. Hierdie motief word dan ook positief deur Scholtz gewaardeer as hy skryf: Dit is vandag maklik om die Afrikaner se beheptheid met kleur en vermenging te kritiseer. Maar dan misken 'n mens die felheid en diepe kommer waarmee talle Afrikaners die - soos hulle dit gesien het - potensiële vernietiging van hul volk gadegeslaan het" (p 24). Die moderne teoloog met sy klem op kontekstualiteit behoort hierdie punt te waardeer!

Motiewe een en drie word egter negatief beoordeel. Daar word daarop gewys hoedat sedert die jare dertig, "... besiel en beïnvloed deur die idealisme van die Fascisme en die Nasionaal-Sosialisme" (p 15), onder aanvoering van mense soos dr Nic Diederichs, dr Piet Meyer en andere, 'n nuwe mistiese begrip van nasionalisme gepropageer is. Daarvolgens bestaan die hoogste bestemming van elke skepsel daarin om hom in die nasie, as 'n Goddelike skepping, te vergeestelik en so sy roeping te vervul. "Nasie-diens" en Christelike naastediens kry dan basies sino=nieme betekenis.

Die bloedsuiwerheidsmotief word die felste beoordeel. Scholtz wys daarop dat dit hierin gegaan het om die behoud van die eie nasie se "Godgegewe identiteit", wat ten nouste met "rassesuiwer=heid" verbind is (p 24). Sy oordeel dat ons hier met "... kru rassisme en minagting vir mense van 'n ander kleur" te doen het (p 27), staaf hy met aanhalings soos: "Nou, as ons aanneem dat die eienskappe van die blanke in die algemeen te verkies is bo die van die kaffer, dan sal dus in alle gevalle waar die eienskap van die kaffer dominant is, agteruitgang plaasvind. In pleks van 'n suiwer blanke tipe, kry ons 'n individu met swart of donker vel, dik lippe, kroes hare, lui van natuur en minder intellektueeel as die blanke" (p 25).

Die verdere drie hoofstukke gaan ook in op die faktore wat tot die wetgewing aanleiding gegee het, en veral die verskillende politieke en kerklike standpunte wat sedert die instelling van die wetgewing ingeneem is. 'n Besonder insiggewende gesigspunt blyk uit die bydrae van Kinghorn onder die hoof "Die belangrikste kerklike argumente en motiewe voor 1950". Daarin sluit hy onder andere aan by wat Scholtz die "sosiaal-ekonomiese motief" genoem het, en wys daarop dat, strydig met gangbare opvattings deesdae, "... die kerke nie die agitasie vir wetgewing teen gemengde huwelike begin het nie" (p 51). "Die kerklike agitasie in die dertigerjare teen gemengde huwelike en vir verbiedende wetgewing was deel van 'n uitgebreide program van aksie en reaksie teen dié

sosiaal-ekonomiese trauma" (van armoede en sosiale verval)(p 52).

In die orige ses hoofstukke word die wette belig vanuit 'n regs=oogpunt, maatskaplik, polities en geneties, en bevat dit ook 'n bydrae deur prof R E van der Ross, voordat in die laaste hoofstuk 'n waarde-oordeel deur die twee redakteurs gegee word. Ten op=sigte van die regsaspekte van die wette, word die wydverspreide wanindruk, as sou klassifikasie kragtens die Bevolkingsregistrasie=wet die maatstaf by die onderhawige wette wees, uit die weg ge=ruim. Daar word daarop gewys dat vir die doeleindes van die wette, die beslissende kriteria "... 'n persoon se voorkoms en sy of haar aanvaarding deur die betrokke groep waartoe hy of sy na bewering behoort" (p 82) is. Dat die bydraers in dié geval nog vanuit die apartheidsraamwerk dink, blyk uit die slotbe=sinning van die bydrae in sake 'n moontlike herroeping van die wette. Daarin word onder andere die onhoudbare voorstel gedoen dat permitte onder die Wet op Groepsgebiede aan sulke gemengde egpare uitgereik sou kon word, of dat vir "grys" areas voor=siening gemaak word (p 88). Moontlik is prof W P Esterhuyse nader aan die kol as hy in sy bydrae oor "Die politieke kompli=kasies van die wette" beweer "... dat 'n debat oor die houdbaar=heid al dan nie van hierdie wet ook sal moet gaan oor die houd=baarheid al dan nie van die tradisionele apartheidsorde en ideologie van rasseskeiding" (p 99).

In die slothoofstuk word 'n indringende analise gegee van kerk=like uitsprake ten gunste van die twee wette. Daar word gewys op die dubbele terminologie, nl dat gemengde huwelike *ongeoor=loof* is, met ander woorde teen die uitdruklike wil van God; dikwels word dit egter net as *ongewens* bestempel, waarby alleen praktiese oorweginge teen sodanige huwelike ter sprake is. Ten opsigte van die eerste groep, word gewys op argumente soos die beroep op Gods voorsienigheid en die Skrifberoep in sake volkere=verskeidenheid. Ten opsigte van die tweede groep, word praktiese faktore soos dat man en vrou bymekaar moet pas en die eksterne druk en afkeer van die gemeenskap bespreek.

Met nugtere logika (en dalk 'n tikkie humor!) word die argumente een vir een ontsenu. Vergelyk byvoorbeeld die opmerking oor die uitgangspunt dat volkereverskeidenheid in ooreenstemming met die wil van God is, en rasgemengde huwelike derhalwe ongeoorloof is: "Spontane huwelike tussen mense van verskillende rasse bring tog nie noodsaaklikerwys die beginsel van volkereverskeidenheid in die gedrang nie. 'n Mens kan met reg beweer dat die ontstaan van die Kleurlinge in Suid-Afrika uit verskillende rassegroepe nie tot die vernietiging of selfs verskraling van die verskeiden=heid bygedra het nie. Die teendeel is eerder die geval: 'n

nuwe bevolkingsgroep het "... tot stand gekom en die verskeiden=heid verryk" (p 125)!

Ten opsigte van die duidelike Bybelse grondslag om geestelik gemengde huwelike (dus tussen gelowige en ongelowige) as ongewens te bestempel, stel die skrywers die feit dat die Afrikaanse kerke nogtans geen druk op die Regering uitgeoefen het om dit te verbied deur wetgewing nie. Hoeveel te meer, word gevra, behoort rasgemengde huwelike, waarvoor geen uitdruklike Bybelse riglyne bestaan nie, deur die kerk en Staat as 'n persoonlike saak eerbiedig te word.

Ten opsigte van die stelling op p 139 dat geloof nie beskou kan word as 'n wesenlike element van die huwelik nie, maar alleen liefde en lewenslange trou, sou wel krities gevra kon word of dit, fundamenteel Christosentries gedink, korrek kan wees, veral in die lig van die duidelikheid waarmee bv op p 128 gewys word op die rol van geloof, volgens die Skrif, by die keuse van 'n huweliksmaat, asook die stelling dat "... die wese van die huwe=lik as 'n instelling van God gesien word". Hoe kan dié wesens=element van die huwelik dan eerbiedig word buite die geloof om?

Ten slotte kan met groot stelligheid beweer word dat wie vandag sinvol oor die betrokke wette wil saamgesels, nie anders sal kan as om van die werk van De Villiers en Kinghorn kennis te neem nie.

P J A Fourie
Universiteit van die Noorde

Pittenger, Norman 1980 *After Death Life in God.* SCM. 80 pp. Prys R5,50.

Die skrywer is 'n bekende aanhanger van die prosesfilosofie soos dit deur Whitehead en sy medestanders in Amerika ontwikkel is. Hy ontleen aan hierdie filosofie die voorstellings en terme vir wat hyself 'n ontmitologisering van die voorstelling van lewe na die dood noem, sowel as vir 'n herinterpretasie daarvan wat vir die moderne mens aanvaarbaar en troosvol kan wees. Die kern van sy opvatting is dat ons nie moet dink aan 'n persoonlike voort=bestaan of lewe na die dood nie, maar dat ons moet aanvaar dat die hele lewe van die mens by sy dood "opgeneem word in die lewe van God". Ons word opgeneem in die gedagtes van God en leef ewig voort in die herinnering van God. So word ons deel van en neem ons deel aan die voortgaande lewe van God, wat self verryk word deur die ervaring wat Hy met ons gehad het en die liefde=volle herinnering aan ons wat Hy in Homself bewaar. Ook die

opstanding van Christus en sy heerskappy aan die regterhand van God word op hierdie wyse geïnterpreteer. Alleen op hierdie wyse, meen die skrywer, kan ten volle reg geskied aan die teosentriese gesigspunt in ons geloof en teologie: dit gaan nie om ons eie begeerte om persoonlik voort te bestaan na die dood nie; dit gaan om God en sy lewe wat deur ons lewe en deur die hele geskiedenis verryk word. Wat sou die waarde van die menslike lewe vir God méér kan beklemtoon, as die feit dat Hy dit opneem in Homself en gebruik tot sy eie verryking en sy eie eer?

Daar is elemente in die boek van Pittenger waarteenoor ons nie sonder meer afwysend kan staan nie. Sy beklemtoning van die teosentriese gesigspunt is belangrik, en ons kan dit met hom eens wees dat baie van die naïewe voorstellings oor die voortbestaan van die onsterflike siel en wat daarmee saamhang, teologies moeilik gehandhaaf kan word in die lig van die Skrif. Soos Durand aangetoon het, behoort ons in die lig van die Skrif die kontinuïteit tussen die aardse lewe en die lewe na die dood inderdaad nie te soek in iets van die mens self nie, maar in die verhouding wat God met die mens aangegaan het en wat 'n ewigheidskarakter dra, omdat dit van Gods kant vasgehou word, ook oor die dood heen (vgl *Skepping, Mens, Voorsienigheid,* 1982, 176 e v). Wat vir my persoonlik in die werk van Pittenger egter onaanvaarbaar is, is sy teologiese modernisme en sy denke in terme van die pan-en-teïstiese sisteem van die proses-teologie. In werklikheid is die kern daarvan 'n positivisme wat geen ruimte laat vir die fisiese wonder van die opstanding uit die dood nie, iets wat tot die kern van die Bybelse boodskap behoort. Ook kan hy geen reg laat geskied aan die Bybelse hoop dat die mens sélf (en dus nie net die herinnering aan hom nie) na die dood by Christus sal wees - 'n aspek waarop Durand met reg veel klem lê. Dit is waar dat ons in al hierdie dinge met onvoorstelbaarhede te make het (sodat 'n mens ook met Durand oor een en ander in 'n gesprek sou kon tree), maar juis daarom moet ons alle maklike oplossings van die probleme oor die lewe na die dood - en dié van Pittenger is inderdaad so 'n "maklike oplossing" - as verdag beskou. Soos Vogel, Berkouwer e a indertyd protes aangeteken het teen Barth se interpretasie van die ewige lewe as die verewiging van die mens se historiese lewe in die herinnering van God, omdat hulle kon sê dat die Skrif ons leer om te hoop op 'n nuwe wese en eksistensie in gemeenskap met God, so sal ons ook teenoor Pittenger met sy veel naïewer denkbeelde 'n nee moet bly handhaaf, omdat die Skrif ons anders leer.

W D Jonker
Universiteit van Stellenbosch